

Maandelikse gemeentebrief Maart 2018

So stadig maar seker begin ons weer regmaak vir die winter om aan te breek. Kortbroeke en rompies word al hoe meer verruil vir langbroeke en sykouse. Tog is ons klimaat ook so onvoorspelbaar; soms kry ons koue reënerige dae in die somer en warm sonskyndae in die winter.

Is dit nie ook maar so in die lewe nie, daar is sekere “reëls” waarvolgens ons lewe, maar dit is nooit ‘n waarborg dat onvoorsiene dinge nie gaan gebeur nie. Die beste en mees liefdevolle mense kry onverwags siektes, goeie en gesonde ouers sit laat aande wakker met ‘n kind wat net nie wil ophou huil nie, getroue en eerlike werknemers word skielik afgedank, hierdie lys kan baie lank aangegaan.

Die spanning lê tussen wat ons weet en wat ons nie weet nie. Die spanning lê ook tussen kort- en langtermyn ervarings. Ons weet meestal nie wat die redes vir teëspoed in ons lewens is nie, maar as ons baie gelukkig is, dan vind ons soms later uit wat van die redes kon wees. (Ek glo ons gaan eendag intieme gesprekke met ons hemelse Vader hê oor die dinge wat in ons lewens oor ons pad gekom het.)

Die waarheid, waarvan menigte ouer mense sal getuig, is dat God goed is en bly. Net omdat daar deur die loop van ons lewens onverwagte dinge gebeur, beteken nie dat God ons verlaat het nie. Dit beteken ook nie dat hy ons straf omdat ons iets verkeerd gedoen het nie. Die lewe gebeur. Almal gaan deur goeie en deur slegte tye en almal gaan eendag sterf. Sommige mense het wel baie moeiliker paaie as ander en hopelik sal ons eendag daarop antwoorde kry. As gemeente is die bediening van teenwoordigheid baie belangrik. Sonder om goedkoop antwoorde vir mekaar te gee, word ons geroep om net teenwoordig te wees in ander mense se swaar tye.

Jesus sê, in Matteus 22:37-39, dat die belangrikste twee gebooie is om God en jou medemens lief te hê. Jesus het baie opsies gehad vir hierdie antwoord, Hy kon oor reëls en gehoorsaamheid gepraat het, of korrekte maniere van aanbidding, maar Hy kies om liefde die belangrikste te maak. Om mense lief te hê, volgens Matteus 25:40, is om God lief te hê. Laat ons dan Sy hande en voete vir mekaar en ander wees.

Ferreira Marais